

## 29 Januarie Eksodus 22:12-27, (Teks: 22:18)

### *Ons mag God sien*

Moses is hier in gesprek met die Here, waarin na vore kom sy intense behoefte aan God se nabyheid. Dit wat ons ook soms voel wanneer ons probleme en bekommernisse het.

Die Here gee aan Moses 'n gunstige antwoord. Die Here sal saamtrek op die trekpad na Kanaan, want "Moses het genade gevind in die oë van die Here en God ken hom by die naam". Moses voel baie goed na God se gunstige antwoord. Dit gee vrymoedigheid om verder van die Here te vra. Hoe goed sal dit nie wees as God Hom nog nader openbaar nie. Daarom vra Moses: "Laat my tog U heerlijkheid sien". Dit wat U is, en U heilsplan met ons, U volk.

Weereens gee die Here 'n gunstige antwoord. Wat Moses vra, kan nie nét so gebeur nie. As die Here in sy heiligheid en heerlijkheid aan Moses, wat 'n sondaar is, verskyn, sou hy wegs melt soos was voor vuur.

Maar God maak 'n plan. Moses moet in 'n skeur van die rots gaan staan en terwyl sy oë toegemaak word, sal God naby hom verbygaan. As God verby is, sal hy die Here van agter kan sien.

Ons het ook soms die behoefte aan die besondere nabyheid van God, veral waar ons worstel met probleme, beproewinge en bekommernisse. Die Here laat ons Hom ook van agter sien. As die beproewinge verby is, kan ons sien hoe God ons deurgedra het. Ons kan dit ook sien in die kruis van Jesus Christus.

Sing: Psalm 118:9

Ds. A.H. Klopper (Kroonstad)